

9 Junie

Skrifgedeelte: Haggai 1

Fokusgedeelte: Haggai 1:2

Maak tyd vir opbou

Weens 'n gebrek aan tyd gee ons aan sekere dinge voorkeur bo ander.

Israel het ná hulle terugkeer uit die ballingskap met groot entoesiasme die tempel se fundamente gelê. Toe hulle sekere probleme met die bouwerk ondervind, het hulle die land begin opbou. Die gevolge was:

- Die bouwerk aan die tempel het uiteindelik agterweë gebly het.
- Dit het 'n spreekwoord geword dat die tyd nog nie gekom het om die huis van die Here te bou nie. Dit moes eers wag, want ander sake het toe vir hulle belangriker geword.
- Die Here het die volk aangespreek het omdat hulle prioriteite verkeerd was.

Verkeerde prioriteite bring vandag ook onwilligheid. Gelowiges maak hulle dikwels hieraan skuldig. Vir gerief en plesier maak hulle tyd, maar weens 'n gebrek aan tyd word die Here se saak uitgestel tot 'n later datum.

Die Here het nie uitgestel nie. Hy het reeds sy verlossingsplan uitgevoer en daarom is die gelowiges reeds deel van sy koninkryk en van die ewige lewe deur Jesus Christus. Dit bevestig die Here se gesindheid teenoor dié wat Hy liefhet. Sy goedheid ken geen grens of tyd nie. Die tempel van God, sy kerk, die gelowiges, sy kerk moet ook vandag gebou en opgebou word. Deur die werk van sy Gees onderneem die gelowiges daardie opbouwerk met hart en siel. Hulle maak tyd daarvoor. Die Here roep jou ook daartoe op.

Sing: Psalm 118:1,2 Ds JB du Plessis (Lichtenburg)